Oordenking
9 Junie 2010.

Die Heilige Gees daag ons uit om die lewe te kies.

Ons het verlede Woensdag geleer van die kontras tussen natuurlike sondige denke en die verandering van hoe ons dink, deur die werk van die Gees van die Here. (Rom 8: 5 – 7).
Dit bring ons by ’n uitdaging in verse 8 – 12.

Rom 8: 12 – 13 **Daarom dan, broers, staan ons onder 'n verpligting, maar nie teenoor ons sondige natuur om daarvolgens te lewe nie. As julle julle lewe deur die sondige natuur laat beheers, gaan julle die dood tegemoet, maar as julle deur die Gees 'n einde maak aan julle sondige praktyke, sal julle lewe.**

Hierdie uitdaging is ook ’n kontras. Tussen twee keuses. Die eerste keuse is om onder verpligting van ons sondige natuur te lewe om daardeur beheers te word, en die tweede keuse is om deur die Gees te lewe.
Baie sê vandag vir ons, dat ons “onsself eerste moet betaal” want ons skuld onsself dit en verdien dit. As ons hierdie leuen glo, beteken dit dat as jy in alles streef na die begeertes wat die Gees vir jou lewe het nie, sal jy nie soveel vreugde hê as wanneer jy selfsugtig lewe nie.
Die gevolg hiervan mag wees dat ons probeer om deur die Gees vir Jesus te lewe en terselfdertyd probeer ons boweal om vir onsself te lewe.

Maar die Bybel sê hier, dat as ons deur die Gees lewe, moet ons onsself tot twee doelwitte verbind. Eerstens moet ons ’n einde maak aan sondige praktyke en tweedens moet daarna streef om in elke opsig en met al ons energie, deur die Gees te lewe.

Ons moet ons eerstens daartoe verbind om die sondige praktyke van die ongeredde mens tot niet te maak. Dis ’n radikale verwerping van alles wat ons weet verkeerd is, daaglikse berou oor sonde en ’n wegdraai van die bose. Jesus het gesê, “as jou oog jou laat struikel, pluk dit uit en as jou hand jou laat struikel, kap dit af” Toe sê Hy ook dat dit beter is om met een oog hemel toe te gaan, as om met twee oë, ewig verlore te wees.

Ons het geen verpligting teenoor ons ou, verlore menswees nie. Die duiwel wil hê ons moet glo dat ons nie gelukkig kan wees as ons nie selfsugtig is nie. Maar God sê, dat Hy ons vry gemaak het en dat ons daarom in staat is om oorvloed van lewe deur die Gees te ervaar.

Ons het geen verpligting teenoor ons ou, verlore menswees nie, maar ons skuld God ’n lewe en ’n ewigheid van dankbare liefde.

Die teenoorgestelde van liefde is nie haat nie, maar om apaties te wees. Om te sê, ek gee regtig niks om nie en stel eenvoudig nie belang in wat die Gees vir my lewe begeer nie.

Maar die Heilige Gees verlang dat ons opreg sal sê: “Here, ek behoort aan U! My tyd behoort aan U. My talente behoort aan U. My begroting behoort aan U. My gesin behoort aan U. Ek wil U dien en liefhê, want ek wil 100% aan U behoort.”

Mag God ons sulke liefde gee, omdat Hy ons vrygemaak het van die slawerny van selfsugtige gedagtes en ons leer verstaan het hoe ons God meer kan liefhê en beter kan dien.